

18 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:4

Getuienis van die gemeente

Dit is byna ondenkbaar dat Paulus vir God kan dankie sê vir 'n gemeente soos dié van Korinte. Wanneer mens die eerste brief aan die Korintiërs lees, raak mens gou bewus van hoe verdeeld, onsedelik en moreel korrup dié gemeente was. As Paulus net na die gelowiges in Korinte moes kyk soos wat mense na hulle kyk, of net op grond van wat hy van ander gehoor het, het hy geen rede gehad om oor hulle dankbaar te wees nie. Dan sou hy ook, soos baie ander Christene, vandag moes sê: Vir Jesus het ek lief, maar met die kerk wil ek niks te doen hê nie.

Wat Paulus onder leiding van die Gees raaksien, is dat die gemeente van Korinte die werkskamer van God is. Die kerk in Korinte is self deur God in Christus vir Hom afgesonder. Alhoewel God nog baie vernuwingswerk in die gemeente moet doen, twyfel Paulus vir geen oomblik daaraan dat net God se genade in Christus hierdie groepie gelowiges getuies van Christus maak nie.

Die kerk se getuienis lê nie in ons voorbeeldigheid as Christene nie. Ons getuienis lê in die genadige werking van God in ons. God self plant die boodskap van Christus in ons harte. Deur sy Gees verander Hy self die "ou" mens wat ek gister was na die "nuwe" kind van God vandag. Omdat dit God se werk is, is die uitkoms gewaarborg. Juis daarom kan ons vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus.

Kom ons is opnuut dankbaar vir die gemeentes waarin ons is, want dit is die ruimte waarbinne God sy genade aan die werk sit. Kom ons sien elke stukkie gebrokenheid in ons gemeente raak as nog 'n geleentheid waar ek die gawes wat God my gee, tot voordeel van my naaste kan gebruik. Kom ons raak bly oor elke stukkie vernuwingswerk wat God in my of in 'n medebroer of –suster werk, want juis dít maak ons getuies van God se genade in Christus.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)